Geopende Deure
NUUSBRIEF




# Saadjies van hoop word in Mexiko gesaai

## Hoe jou gebede en ondersteuning help om vroue te midde van vervolging te dissipel

**Die eerste aanval wat Beatriz* ervaar het, was nie fisies nie – dit was geestelik.**

Eendag toe sy gebid het, het sy iets gehoor wat haar laat skrik het. “Ek het ŉ duidelike stem gehoor – dit was Satan,” sê Beatriz. “Hy het gesê: ‘Verlaat hierdie plek.’ Ek het nog nooit só iets beleef nie. Ek dink God het my toegelaat om hom te hoor sodat ek kon verstaan dis ’n geestelike oorlog.”

Weke later het haar man, Marcos*, dieselfde aanval beleef.

“Een nag was daar ’n skietgeveg,” sê Beatriz. “Ons was in ’n supermark en moes saam met ons kinders wegkruip. Terwyl ons op die vloer gelê het, het my man dieselfde stem gehoor: ‘Sal julle nou trek?’ Sekondes later het ons dogtertjie, net ŉ kind, presies dieselfde woorde herhaal. Toe het ons geweet die vyand gaan nie terugstaan nie, maar ons ook nie.”

Hulle het begin bid en weerstand gebied, oortuig dat daar ook ŉ doel is wanneer daar teenkanting is.

Die vervolging het egter spoedig ook fisies geword. Dit is algemeen in hierdie deel van Mexiko vir diegene wat as sout en lig vir Jesus leef.

ŉ Buurman, wat agterdogtig oor Beatriz en Marcos se geloof was, het hul troeteldiere vergiftig. Hul tweejarige dogtertjie het per ongeluk met die gif in aanraking gekom en amper gesterf.

*vervolg op bladsy 2*

*vervolg vanaf bladsy 1*

"Ek weet nie waar die krag vandaan gekom het nie – dit moes die Heilige Gees gewees het – maar ek het na my man gekyk en gesê: 'Al sterf ons baba, sal ons bly, want God het ons hierheen geroep,'" sê Beatriz.

Ure later was hul dogtertjie buite gevaar.

"Dit was 'n geloofstoets, maar God was getrou," sê Beatriz.

### Oomblikke van hoop

Verwerping het hulle egter steeds oral gevolg. Hulle het vriende, werk en bedieningsgeleenthede verloor. Hulle is selfs uit ŉ verpleeginrigting verban net omdat hulle as deel van hul werk onder bejaardes ŉ Bybelverhaal gedeel het.

"Die vyand was woedend omdat ons hier was, maar ons het gekies om God te gehoorsaam, ongeag wat dit kos," sê Beatriz.

En tog was daar oomblikke van hoop.

Beatriz het te midde van toenemende vyandigheid ŉ nuwe roeping in haar en Marcos se bediening ontdek. Sy het gesien dat haar storie en pyn deure kan oopmaak om ander vroue in haar gemeenskap te bereik wat stilweg ly.

"God het my gewys dat my eie wonde genesing aan ander kan bring," sê sy.



Geopende Deure het in 2024 met Beatriz en Marcos begin saamwerk deur aan hulle opleiding en bemoediging te gee om hulle te help om hul roeping uit te leef. Geopende Deure het ook finansiële ondersteuning gebied om hul huur te betaal en die lokaal te verbeter waar Beatriz met die vroue vergader wat sy dissipel.

"Ons dank diegene wat ons ondersteun en vra dat julle dit sal aanhou doen," sê Beatriz en Marcos. "Ons het meer van God se werkers nodig in hierdie gebied, waar daar 'n groot behoefte is om die Evangelie te verkondig."


Dankie vir jou ondersteuning, wat Beatriz se bediening help om gelowiges te laat herstel en toe te rus om in Mexiko vir Jesus te leef!

Geopende Deure werk danksy jou geskenke en gebede saam met gelowiges soos Beatriz om hoop en genesing aan gelowiges regoor die wêreld te bring. Om uit te vind hoe jy kan help, besoek www.opendoors.org.za/see-her/

# Jou ondersteuning in aksie

**'n Oorsig van hoe jou geskenke en gebede vervolgde Christene regoor die wêreld help.**

## BOODSKAPPE UIT NOORD-KOREA



Geopende Deure het onlangs boodskappe ontvang van ondergrondse Christene in Noord-Korea (wat weereens in die eerste posisie is op ons 2026 Wêreldwaarnemingslys). Hulle skilder ȟ donker prentjie van die werklikheid vir die meeste Noord-Koreane, teenoor die propaganda wat die land se regering so geredelik versprei. En dit help ons om ingeligte gebede te bid.

“Die regering se voortdurende klem op selfstandigheid as die enigste manier om te oorleef, laat Noord-Koreane volkome sonder hoop oor hul toekoms,” het een gelowige gedeel.


Maar soos met die meeste boodskappe wat Geopende Deure van Noord-Koreaanse ondergrondse gelowiges ontvang, onthul woorde uit die Bybel, dankbaarheid en lofprysing ȟ kerk met diep geloof en vasberadenheid om aan die Evangelie vas te hou.

“Met onveranderlike en standvastige geloof in die Here, het ons sonder twyfel besef dat ons ons geloof in Christus nooit mag prysgee nie,” het een gelowige gesê. “Selfs al kos dit ons lewens. Ons moet vasstaan vir die waarheid van God se Woord.”

Hierdie nuwe boodskappe illustreer ook dankbaarheid. God gebruik jou gebede en ondersteuning om broodnodige krag aan Noord-Koreaanse gelowiges te bring. “Ons bestaan nog danksy julle gebede en ondersteuning,” het ’n ander Noord-Koreaanse Christen gesê.

Jy sal dalk nooit die skrywers van hierdie boodskappe uit die ondergrondse Kerk ontmoet nie, en hulle sal dalk nooit jou naam ken nie. Ons Noord-Koreaanse broers en susters volhard egter omdat hulle weet dat die wêreldwye Liggaam van Christus – Christene soos jy – saam met hulle staan.

## 'N OPDATERING UIT ETHIOPIË



Jemal* is ’n man, pa, oupa en sakeman. Maar bowenal is hy ’n Christen. Toe ons Jemal die eerste keer ontmoet het, het hy nog probeer om sy lewe te hervat nadat woedende Moslem-bendes in 2023 Christene in sy Ethiopiese dorp aangeval het.

Geopende Deure kon deur plaaslike vennote, en danksy jou geskenke en gebede, vir Jemal bystaan met traumasorg en finansiële ondersteuning, wat hy gebruik het om toerusting vir sy onderneming te koop.

ȟ Plaaslike vennoot van Geopende Deure het onlangs met Jemal gepraat om te hoor hoe dit met hom en sy gesin gaan. Ons vennoot deel die volgende opdatering:

*“Ek het vanoggend met Jemal gepraat, en hy was baie bly om te hoor dat ons wou gaan kyk hoe dit met hom gaan. Ek het hom gesê dat mense van oral vir hom bid, en hy is werklik dankbaar. Hy het my ook gevra om sy hartlike groete oor te dra aan almal wat hom besoek het. Hy waardeer julle vriendelikheid en omgee innig.*

*“Hy het gedeel dat dit baie goed gaan met hom en sy gesin – eer aan God! Sy onderneming is nog steeds oop en aan die gang. Alhoewel hy aanhou om sy produkte hier en daar te verkoop, is dit nog nie op die vlak of kapasiteit waarvoor hy hoop nie.*

*“Jemal het gevra dat ons aanhou bid vir sy dorp en die dorpsmense. Hy het spesifiek gevra dat ons bid vir sy gemeenskap om tot bekering te kom en in die lig te wandel.*

*“Dankie dat julle Jemal en sy gesin in gebed onderhou. Julle geskenke beteken dat Geopende Deure mense soos Jemal en sy gesin kan bystaan wanneer hulle teen die grond gedruk word en byna in armoede verval. Dankie!”*

**Verteenwoordigende foto van ȟ akteur gebruik om identiteit te beskerm.*

# BEMOEDIGENDE OPDATERING

Lu Mei* (in haar veertigerjare) het as tiener ŉ Christen geword en teologiese opleiding ontvang. As volwassene het sy getrou en na Noordwes-China getrek, waar Islam die oorheersende geloof is en die Christendom blykbaar nog strenger beheer en onderdruk word. Tog is dit waar Lu Mei kies om die Here te dien.

Sy is tien jaar gelede gearresteer, ondervra en aangehou omdat sy ŉ kerklike byeenkoms gehou het. In die twee jaar ná haar vrylating het die polisie gereeld sonder waarskuwing haar huis besoek om haar en ander te ondervra, te intimideer en te ontmoedig om hul geloof te beoefen, selfs al was sy ŉ voltydse huisvrou.

Lu Mei is ook op ŉ swartlys geplaas, wat haar vermoë om te reis, werk te kry of finansiële transaksies te doen ernstig beperk het. Polisiemanne het haar selfs ŉ paar keer voor ŉ skare ondervra terwyl sy probeer verduidelik het dat sy die situasie nie ten volle verstaan nie.

“Dit is vreemd dat jy nog hier kan wees en kan asemhaal, en tog voel asof jy alreeds uitgewis is,” sê sy.

**Sy het dit alles verduur omdat sy Jesus aanbid.**

Gelukkig is haar naam uiteindelik van die swartlys verwyder en is haar identiteit herstel. Alhoewel vervolging nog ŉ werklikheid bly, bly Lu Mei in Noordwes-China om die Here te dien.

Sy het onlangs vervolgingsvoorbereidheid-opleiding bygewoon wat deur Geopende Deure se vennote elders in China aangebied is, wat deur jou geskenke en gebede moontlik gemaak is (foto onder). Sy het met blydskap en vol hoop weggegaan, met die wete dat sy deur God en Sy mense regoor die wêreld aanvaar, verstaan, genees, vernuwe en geïnspireer word.

“Ek weet nie hoe die pad vorentoe lyk nie,” sê sy. “Ek leef elke dag vir die Here. Daar is baie dinge oor die toekoms wat ek nou nie verstaan nie, maar ek weet Wie môre vashou en in Wie se Hand myne is.”



# Ondersteun Christen-vroue!

Christen-vroue op baie plekke regoor die wêreld ervaar dubbele vervolging – beide omdat hulle vroue is en omdat hulle Jesus volg. **Maar soos Beatriz en Lu Mei in hierdie nuusbrief wys, staan soveel susters dapper vir Jesus, ongeag wat die risiko is!**

As jy gelowiges soos hulle wil ondersteun, besoek www.opendoors.org.za/see-her om meer te lees. Jou geskenke en gebede maak só ŉ groot verskil vir diegene wat vervolging en onderdrukking verduur vir hul geloof in Christus!



**Verteenwoordigende name word in hierdie nuusbrief gebruik vir sekuriteitsredes.*